LYNNWOOD GEMEENTE

Eerste kwartaal Program dagboekdatums

Jy is tuis by ons!

Dit is vir ons altyd lekker om nuwe gesigte te ontmoet. Kom gesels gerus met ons voor of na die diens indien u enige navrae het. Ons mense is jou mense. Ons hou daarvan om te gesels en meer van mekaar te leer ken. Raak vandag nog betrokke!

Januarie 2025

- **1 Januarie** Nuwejaarsdag
- **5 Januarie** 09:00 Erediens
- **12 Januarie** 09:00 Erediens - Doop; 18:00 Gespreksdiens
- **15 Januarie** *Skole open*
- **19 Januarie** 09:00 Erediens & Kategese registrasie; 09:30 Lynnwood Oord; 18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe registrasie; 19:00 Belydenisklas
- **26 Januarie** 09:00 Erediens; 18:00 Aanddiens

Februarie 2025

- **2 Februarie** 09:00 Erediens - Doop; 09:30 Lynnwood Oord; 18:00 Aanddiens
- **9 Februarie** 09:00 Erediens; 18:00 Nagmaalsfees
- **16 Februarie** 09:00 Erediens; 18:00 Aanddiens
- **23 Februarie** 09:00 Erediens; 18:00 Aanddiens

Besoek ons Webtuiste en Facebook-blad

- www.lynnwoodgemeente.co.za
- www.facebook.com/LynnwoodGemeente

Maart 2025

- **2 Maart** 09:00 Erediens - Doop; 09:30 Lynnwood Oord; 18:00 Aanddiens - Belydenisaflegging
- **5 Maart** *Aswoensdag* 18:00 Aswoensdagdiens
- **7 Maart** *Wêreld biddag vir vroue*
- **9 Maart** *Lydensweek 1 - Wysheid* 09:00 Erediens; 18:00 Aanddiens
- **16 Maart** *Lydensweek 2 - Regverdigheid* 09:00 Erediens; 18:00 Aanddiens
- **21 Maart** *Menseregtedag*
- **23 Maart** *Lydensweek 3 - Matigheid* 09:00 Erediens
- **28 Maart** *Skole sluit*
- **30 Maart** *Lydensweek 4 - Dapperheid* 09:00 Erediens

Kleingroep-bediening

Die Kleingroep-bediening nooi elke lidmaat uit om deel te word van 'n kleingroep (selgroep). Vir meer inligting, kontak Andrew Hofmeyr 083 442 5388.

Gebedsgroep en Bybelstudies gedurende die kwartaal

Gebedsgroep - *Ds Peet Crous (079 893 5572)*
Woensdae 17:00 in Indaba.

Bybelstudies - Dr Fanie Cronjé (083 415 1452)
Dinsdae 08:15 te Elveramstraat
Dinsdae 19:15 op 28 Januarie, 11 en 25 Februarie asook 11 en 25 Maart in Koinonia.
Dinsdae 19:30 op 4 en 18 Februarie, asook 4 en 18 Maart te Glenwoodweg.

Bybelstudie - Ds Barry van der Merwe (082 714 0723)
Donderdae 09:30 te Lynnwood Oord (behalwe in skoolvakansies). **Almal is welkom.**

Taizé

Woensdae 18:00 met *Ds Barry vd Merwe*
In die Kapel

Nuwe Generasie kleingroepe gedurende die kwartaal:

***Van Die Punt Af**, Jong Volwasse Selgroep*
Elke Dinsdag 19:00 – 21:00
Meer inligting Ernst 071 158 3717.

Gasvryheidbediening

Teeskink na die oggenddienste. Skakel asseblief vir Maretha Brits 073 267 7019 indien u belangstel om by die Gasvryheidsbediening betrokke te raak.

Gemeentevroue Groepe

Groepe 3 & 4: Bybelstudie op 11 Februarie en 11 Maart met dr Fanie Cronjé.
Meer inligting Erika van Wyk, 082 773 6880.

Groep 11: Vergader op 4 Februarie en 4 Maart om 16:00 in die Kapel.
Meer inligting Leoné Esterhuysen, 083 400 8831.

Groep 13:
Kontak Nerine Ahlers, 082 373 3319.

Woordgesprek

Woordgesprek is 'n dieper delf-geleentheid vir almal wat belangstel, dit duur ongeveer 'n uur en fokus op die saamlees van die Bybel.
Dieselfde teks word elke week by die Woensdag- en Donderdaggeleentheid gelees. Jy kan dus by enige geleentheid inskakel, of selfs tussen geleenthede wissel.
Woensdagaande om 19:15 per Zoom
Donderdagoggende om 9:00 as fisiese byeenkoms in die Kapel
Die skakel vir die Zoom-geleenthede:
https://us02web.zoom.us/j/82926408120?pwd=CH4VVNbtocDlyqMBDUWqDJO0Mg9Bjq.1
Meeting ID: 829 2640 8120
Passcode: 092157

Sien uit daarna om julle op die skerm of in persoon te ontmoet. Skakel my gerus indien jy meer inligting verlang (Fanie Cronjé by 083 415-1452).

Let asseblief daarop dat Woordgesprek nie bestaande kleingroepe of Bybelstudiegroepe vervang nie.

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer deur middel van een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of 'n elektroniese oorplasing.

Bankbesonderhede: NG Lynnwood,
ABSA Takkode: 632005,
Tjekrekening nr: 540580014.

Gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysings en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of Snapscan.

NUWE GENERASIE
ONS DOEN LEWE SAAM

CARITAS

Ons as gemeente maak 'n verskil vir Jakaranda Huis 6...

- huismoeder- en maatskaplike werker ondersteuning
- huiswerk -, lees - en wiskunde hulp
- internettoegang
- skoolskryfbehoeftes vir die jaar
- bederf met verjaardae en kerspartytjie
- maandelikse vleisrekening
- skoolklere en sporttoerusting
- mylpale soos Matriekafskeid
- huis- en tuinversiering
- terapie en terapeute

...Ons doen dit reeds, maar het jou talent baie nodig om dit vol te hou!

Kontak Marié Behr by 083288 7777
en bied jou hulp aan.



012 440 3137 |
adminho@harmoniepark.co.za

HARMONIE Oord
Tuiste vir Bejaardes

Versorgingsbediening

Om deur die dood geskei te word van jou lewensmaat of geliefde is deel van die gang van die lewe. Dit bly egter een van die moeilikste ervarings om deur te maak. Die pad wat geloop moet word na so 'n gebeurtenis is 'n moeilike en tydsame proses.

Ons as gemeente het 'n verantwoordelikheid teenoor diegene wat van 'n geliefde moet afskeid neem, wat maande na die verlies in moontlike eensaamheid leef. Ons het 'n bediening in Lynnwood begin om telefonies in te loer by elke gemeentelid wat 'n rouproses deurmaak. Dames en mans is daarby betrokke. Ons verneem of daar ondersteuning is van familie en vriende, en waar daar dalk spesiale behoeftes is waarmee ons kan help of om 'n verwysing te gee na waar daar hulp is. Ons loer in en gesels in die maande na die verlies wanneer die aanvanklike ondersteuning en belangstelling van vriende en naasbestaandes begin afneem.

Dit is 'n eenvoudige bediening, maar straal die warmte en liefde uit wat ons as gemeentelede vir mekaar het, en dit word baie waardeer. As jy meer inligting wil hê, of betrokke wil raak, kontak gerus vir Marié Behr 083 288 7777.

VIND VREUGDE IN DIENSBAARHEID

Dit bly Ya Bana se grootste uitdaging om maand na maand fondse vir ons bedryfskoste in te samel. Jou finansiële bydrae sal ons las verlig. Skenk op ons webwerf: https://www.yabana.co.za

As jy enige goedere het om te skenk, laai asseblief af by Lynnwood NG Church: Maandag - Vrydag 07:30 - 12:00, SUSSEX LAAN 439, LYNNWOOD
Of kontak Naomi vir afhaal: 083 534 4850

Is jy 'n professionele diensverskaffer wat die roeping voel om met jou talente en vaardighede 'n verskil te maak? Stuur asseblief 'n e-pos aan naomi@iafrica.com met jou aanbod.

Enige hulp, hetsy in die vorm van vaardighede, tyd, dienste, goedere of finansieel, groot of klein, maak 'n groot verskil in die lewens van die kinders van Ya Bana."

Ya Bana Village
for the children

Baie dankie vir julle volgehoue ondersteuning!